AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

Posbus 14078, Hatfield, 0028
e-pos: affies@affies.co.za

Lynnwoodweg 1
PRETORIA

Tel: (012) 344-3805
Faks: (012) 344-3907

17 Julie 2018

Geagte Ouers

MARITZBURG KOLLEGE, PIETERMARITZBURG: VRYDAG 20 JULIE EN SATERDAG 21 JULIE 2018

Ons beplan om vanjaar met meer as 700 seuns aan verskillende sportaktiwiteite teen Maritzburg College mee te ding.

Leerlinge is vir hul eie beddegoed verantwoordelik.

Die busse vertrek op Vrydag, 20 Julie om 08:00 van die skool af. Op Saterdag, 21 Julie vertrek die busse om 17:00 (na afloop van die eerste rugbyspan **se** wedstryd) van Pietermaritzburg terug na Pretoria.

Slegs deelnemers word op die bus toegelaat.

Die koste vir die naweek beloop R600 per leerling. (Die skool subsidieer 'n gedeelte van die bedrag). Alle seuns is verplig om met die busse na Pietermaritzburg te reis, maar mag wel saam met hulle ouers terugry.

Die bedrag word teen u seun se skoolrekening gehef. Kontantbetalings kan by die finansiële kantoor gedoen word. U is egter ook welkom om die bedrag elektronies te betaal: **ABSA Hatfield, takkode 632005, rekeningnommer: 2140140255**. Verwysing: U seun se skoolrekeningnommer, naam en van.

Voltooi asseblief die skeurbrief van die dokument wat hierby aangeheg is en stuur dit voor of op Donderdag 19 Julie 2018 aan die betrokke afrigter.

Kansellasies moet met die afrigter gereël word.

By voorbaat dank

Affie-groete

DR. P. EDWARDS
HOOF

D. BOTES
ADJUNKHOOF: SPORT